

Woensdag 20 Maart

Skrifgedeelte: Numeri 33:50-56; Josua 16:1-10	Fokusgedeelte: Josua 16:10
--	-----------------------------------

Geloofsvertroue en gehoorsaamheid moet voorop staan in jou lewe

Net soos al die ander stamme, het ook Manasse en Efraim, die seuns van Josef, hulle eie grondgebied deur loting ontvang. Goeie orde het die verdeling van die land gekenmerk. Die beskrywing van hulle grense spel dit duidelik uit dat die nageslag van Josef die sentrale en vrugbaarste deel van Kanaän ontvang het.

Anders as wat die geval was met Kaleb, het die nageslag van Josef in gebreke gebly om in gehoorsaamheid en met geloofsvertroue hulle grondgebied in besit te neem. *Die gees van die heilige, gehoorsame Josef het by hulle ontbreek, want strydig met die bevel van die Here het hulle nie die Kanaäniete en hulle afgode uit Geser verdrywe nie.* Dit het die eer van God in gedrang gebring, want dit kon lei tot 'n herhaling van Israel se sonde by Sittim (vgl. Num. 25). Dit kon lei tot huwelike oor geloofsgrense heen, soos in die geskiedenis van Genesis 6 toe – as direkte voorspel tot die sondvloed – die seuns van God op grond van uiterlike skoonheid getrou het met die dogters van die mense.

Selfs gelowige mense is nie sonder meer immuun teen verleiding en afgodediens nie. Ook hulle moet bewus bly van hulle feilbaarheid en natuurlike geneigdheid om voor sondige versoekinge te swig. Daarom vra die Here van Israel en van ons om alle eie-wil af te lê en ons in 'n leefstyl van eenvoud en kinderlike gehoorsaamheid te verskans. Immers, sê Samuel vir Saul in 1 Samuel 15:22: *“Gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister, is beter as die vet van ramme.”*

Maak seker dat jy in gehoorsaamheid aan Jesus (spreekwoordelik) regterhande afkap en regteroë uitruk indien dit jou tot ongehoorsaamheid en afgodediens kan verlei. Vlug vir die sonde en maak jou los van toksiese vriendskappe. Leef daarby ootmoedig in die eggo van die sesde bede: “Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose.”

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. JJ Cloete (Koos) (Emeritus)